

Liewe lidmaat

## KERKWEES IN TYE VAN DIE CORONA VIRUS

Die corona virus en alles wat daarmee saamgaan, het ons wêreld ewe skielik deurmekaar en baie onseker gemaak. Die onsekerheid word aangejaag deur baie verwarrende stemme en selfs stemme van paniek. Ons wil nie verder daartoe bydra nie. Ons wil eerder, in lyn met ons visie vra: Wat beteken dit vandag om medewerkers van God te wees: gehoorsaam, sorgsaam en saam diensbaar? In dié tyd wil ons mekaar ook hierin help.

Ons ondersteun die sinodale leiding (en die president se besluite) dat ons, ten einde die infeksie-kurwe so plat moontlik te hou, sosiale kontak so ver moontlik beperk. Baie kerke maak in hierdie tye heeltemal toe en kommunikeer slegs elektronies. Ons weet egter dat baie van ons mense nie toegang het tot al die elektroniese hulpmiddels nie en steeds behoefte het aan kontak in 'n erediens.

Daarom het ons op die volgende **reëlings t.o.v. eredienste** besluit:

1. 'n **Kort boodskap** sal teen Vrydag op youtube, asook ons web ([www.audenberggemeente.co.za](http://www.audenberggemeente.co.za)), geplaas word. Indien mense probleme het om dit af te laai, vra asb hulp by die kantoor of Okkie Fourie.
2. 'n Gepaardgaande **Bybelstudie** /gespreksdokument sal ook elektronies of op skrif by die kerkkantoor beskikbaar wees. Vra vir Mariëtte indien sy dit elektronies moet aanstuur.
3. Indien persone in **kleingroepe** wil byeenkom, nooi ons hulle uit om die Boodskap Sondagoggend saam te kyk (selfs in kerktyd) en dan in gesprek na die vrae te kyk.
4. Dit sou ook 'n heerlike gesprek vir **gesinne** kon wees. Pas asseblief die vrae aan volgens die bevatlikheid van kinders.
5. Die **kerk** sal wel oop wees op Sondag vir persone wat daar wil aanbid. 'n Kort oordenking wat aansluit by bg. boodskap sal vanaf 9:30 gehou word. Ons versoek egter:
  - Mense wat reeds siek is of wie se gesondheid kwesbaar is
  - Mense wat onlangs in een van die lande was wat uitgelig is as risikolande of
  - Mense wat in kontak was met iemand wat positief gediagnoseer is met die covit19 virus

- **Moet asseblief t.w.v. ander mense nie die geleenthede bywoon nie.**

Verder versoek ons:

- Dat ons ons by die kerk weerhou van **fisiese kontak**. Intimiteit kan steeds gekommunikeer word met 'n warm glimlag saam met iets soos 'n hand op die hart. (die voete- of elmbooggroet werk nog nie lekker vir my nie)
- Om gebruik te maak van die **reiniger** wat by die deure voorsien sal word en
- **Verspreid** in die kerk te gaan sit.

(Tydens die skoolvakansie sal daar nie tee na die diens wees nie.)

6. Die **Kerkkantoor** sal soos gewoonlik oop wees.
7. Ons is in die proses om ons **kommunikasie** op te knap en is dankbaar vir mense wat na vore gekom het om met 'n kommunikasiebediening te help. Verdere helpers en voorstelle is steeds baie welkom. Indien jy hierdie boodskap via ander mense ontvang het, of onseker is of ons al die nodige inligting het (ten minste selfoon en e-pos), kontak asb die kantoor en klaar dit met Mariëtte uit.
8. Ons is baie afhanklik van die **dankoffers** vir die voortsetting van die gemeente se werksaamhede. Ons dink ook aan die ander instansies waarvoor ons gewoonlik **deurkollekte**s opneem. Miskien is dit 'n goeie tyd om te eksperimenteer met die snapscan of maak gerus 'n eft. Groepe wat saamkom en kontant opneem, kan iemand stuur om dit die Maandag (teen 'n kwitansie) by die kantoor in te betaal.
9. Ekself is soos gewoonlik beskikbaar. Reël gerus met Mariëtte vir 'n **besoek** by die kantoor of skakel my sommer self indien u 'n besoek verlang.
10. Ons sal hierdie reëligns **voortdurend evalueer** in die lig van veranderende omstandighede en almal op hoogte hou van veranderings.

Vir die kerk was krisistye nog altyd geleenthede om deur W(w)oord en daad te getuig van die troue liefde van die lewende Here wat heers oor alles en hier by ons is. As medewerkers van God wil ons ook in hierdie tyd die geleenthede aangryp. Mag die drie-enige God verheerlik word deur die manier waarop ons in hierdie tyd gehoorsaam, sorg-saam en diensbaar is!